# 113 Ek wil U liefhê Heer my sterkte




Ek was verdwaal, ‘n kind van sonde,
ek was ‘n slaaf van bose lus.
Ofskoon verswak deur baie wonde
het ek versmaad die ware rus.
Tog het dit nou deur U gebeur
dat in my gloei die liefdevuur.

Ek wil U liefhê, Heer, van harte,
nóg vir die angs voor u gerig,
nóg weens die loon vir kruis en smarte,
nóg vir u sorg wat my verplig.
Ek wil alleenlik U bemin,
omdat u liefde my bedwing.

Onbekend Onbekend